| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTE TOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 ½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 21 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees **AL** die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.
2. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
3. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
4. Die vraestel bestaan uit **VIER** afdelings:

   **AFDELING A**: Roman (35)

   **AFDELING B**: Drama (35)

   **AFDELING C**: Kortverhale (35)

   [Doen **ALBEI** kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het.]

   **AFDELING D**: Gedigte (35)

   [Doen **ALBEI** gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het.]
5. Lees die inhoudsopgawe op **bladsy 3** en dui die vraagnommer van die **TWEE** letterkundetekste wat jy behandel het, aan.
6. Lees die vrae oor hierdie **TWEE** tekste wat jy behandel het en doen die volledige kontekstuele vraag.
7. Beantwoord die vrae uit **TWEE** afdelings wat jy behandel het.
8. Begin **ELKE** afdeling op ’n nuwe bladsy.
9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
10. Laat ’n reël oop na elke antwoord.
11. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 75 minute per afdeling/vraag.
12. **BELANGRIK! Dui asseblief die vrae wat gekies is op die buiteblad van die antwoordstel aan deur die vrae te omkring.**

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord die vraag.


| VRAAG NOMMER | | VRAAG | PUNT | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 1. | *Onderwêreld* – Fanie Viljoen | Kontekstuele vraag | 35 punte | **5 – 8** |


**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord die vraag.


| VRAAG NOMMER | | VRAAG | PUNT | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 2. | *Pad na jou hart* – Ivan Botha en Donnalee Roberts | Kontekstuele vraag | 35 punte | **9 – 13** |


**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord ALBEI vrae.


| VRAAG NOMMER | | VRAAG | PUNT | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | *Gesondheid, Souf!* – Riana Scheepers | Kontekstuele vraag | 18 punte | **14 – 15** |
| 3.2 | *Die geskenk* – Elsa Joubert | Kontekstuele vraag | 17 punte | **16 – 17** |


**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord ALBEI vrae.


| VRAAG NOMMER | | VRAAG | PUNT | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | *Luisterswaeltjies* – T.T. Cloete | Kontekstuele vraag | 18 punte | **18 – 19** |
| 4.2 | *Rondom my* – Dawie de Jager | Kontekstuele vraag | 17 punte | **19 – 21** |


© SACAI KOPIEREG

**KONTROLELYS**

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK √ |
|---|---|---|---|
| A: Roman (Konteksvraag) | 1 | 1 | |
| **OF** | | | |
| B: Drama (Konteksvraag) | 2 | 1 | |
| **OF** | | | |
| C: Kortverhale (Konteksvraag) | 3.1 – 3.2 | 2 | |
| **OF** | | | |
| D: Gedigte (Konteksvraag) | 4.1 – 4.2 | 2 | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy slegs **TWEE** afdelings se vrae beantwoord het.

# AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

’n Onbekende geluid maak hom wakker. Of dalk is dit iets in ’n droom wat sê: “Staan op. Jy moet hom keer!”

Dit is waar die vrees begin.

Af, af met die donker gang stap hy nou. Sy keel trek toe. Die vuishoue van sy hartklop hamer al vinniger. Hy het lus om terug te draai, weg te hardloop, maar hy is byna by daardie vertrek aan die end van die gang. Dit is daar waar die lig brand. Dit is daar waar sy oë vanaand sal oopgaan.

***

“Pa!” sê hy.

Die woord kom lê tussen hulle. ’n Eggo.

Nou kyk sy pa op. Daar is ’n glans van herkenning in sy moeë oë. Hy kom stadig terug uit die donker onderwêreld.

***

“Dis oukei, ek belowe,” sê sy pa. “Ek … sal nie …” Die stilte word ’n spons wat die woorde moet indrink. “Jy moet nie vir jou ma vertel nie. Oukei? Dis ons geheim.” Sy mondhoek trek skeef toe hy probeer glimlag. “Gaan slaap nou.”

Die seun se hand gly van die deurhandvatsel af en val langs sy sy. Hy sê steeds niks nie, maar binne in hom weerklink sy pa se stem.

Toe hy omdraai en kamer toe stap, hoor hy sy pa sê: “Nag. Lekker slaap ...” Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker. Verdwyn.

Maar dis goed so, want jare later sou hy vir homself ’n ander naam kies.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die KORREKTE woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Hierdie gedeelte van die verhaal *Onderwêreld* word die (1.1.1) ... van die verhaal genoem. Die karakter in hierdie gedeelte se naam en van is (1.1.2) ... Hierdie gedeeltes speel in twee ruimtes af, naamlik (1.1.3) ... en (1.1.4) ....

(4X1) (4)

1.2 "Staan op. Jy moet hom keer!" (Reël 1 en 2).

1.2.1 Wie moes gekeer word? (1)

1.2.2 Waarom moes hy gekeer word? (1)

1.2.3 Wat, dink jy, sou gebeur het as die persoon nie opgestaan het nie? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.3) en die korrekte antwoord neer.

Die tipe verteller wat in hierdie uittreksel aan die woord is, is 'n (eerstepersoons-/ derdepersoons-) verteller. (1)

1.4 "Af, af met die donker gang stap hy nou." (Reël 4).

1.4.1 Wat is die leuse van Lawson Kollege (waar hierdie seun later 'n matriekleerder is)? (1)

1.4.2 Bespreek die kontras tussen reël 4 en die skool se leuse. (2)

1.4.3 Watter motief, wat dwarsdeur die verhaal loop, word hier uitgelig? (1)

1.5 "Hy kom stadig terug uit die donker onderwêreld." (Reël 10 en 11).

1.5.1 Uit watter onderwêreld, dink jy, keer die pa terug? (1)

1.5.2 By watter onderwêreld was die seun later betrokke? (1)

1.6 "Maar dis goed so, want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies." (Reël 19).

1.6.1 Watter naam sou die seun later vir homself kies? (1)

1.6.2 Watter betekenis word in Onderwêreld aan die seun se rekenaarnaam geheg? (1)

1.6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6.3) neer.

Die seun se rekenaarnaam verwys na sy ...

A woede oor wat sy pa wou doen.

B magteloosheid teenoor sy eensaamheid.

C planne om betrokke te raak by kuberkrakery.

D magteloosheid teenoor die vrees vir die dood. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Op soek na ’n plek wat mens tevrede laat voel met jouself**

“Kom saam,”sê sersant Botha.

“Waarheen?”

“Bergville. Die gemeenskapsdienssentrum.”

Ek frons.

“Die polisiekantoor, Greg.”

“Arresteer julle my?”

***

Nog voetstappe in die gang, mense wat praat. Toe ons klaar is, is dit al byna middag. Donderdagmiddag.

***

Waar daar vrot vleis is, daar sal die lammervangers vergader.

By die kafee kry ek ’n blikkie Coke en ’n doughnut en gaan sit buite op die bruingeverfde muurtjie terwyl ek eet. Om my gaan die mense van Bergville hulle daaglikse gang, koop hulle vleis by Pereira’s Butchery, materiaal by O&H Fabric Centre, gooi die taxi’s petrol in by die BP-garage.

Die koeldrank drink ek terwyl ek terugloop polisiestasie toe. Dis teen die skool se reëls om in skoolklere te loop en eet of drink, maar ek gee nie nou ’n hel om nie. Wat is dit in vergelyking met wat Dok gedoen het? En wat het geword van al die waardes wat hulle vir ons wou leer? Alles was net show.

Dis seker nie reg van my om al die onnies oor diesefde kam te skeer as vir Dok nie. Maar ek is net so gatvol. Miskien voel ek beter as ek ’n bietjie ordentlike slaap gekry het.

***

Die beeld van iemand wat agter my staan, spieël in die winkelvenster. Eers weet ek nie wie dit is nie. Maar dan ...

1.7 “**Op soek na ’n plek wat mens tevrede laat voel met jouself**.“ (Reël 1).

Hoe hou die titel van hierdie hoofstuk verband met die besluit wat Greg oor sy toekoms maak? (1)

1.8 “Bergville. Die gemeenskapsdienssentrum.” (Reël 4).

1.8.1 Waarom neem sersant Botha vir Greg na Bergville? (1)

1.8.2 Wat het Greg gedoen wat daartoe aanleiding gegee het? (1)

1.8.3 Wie het uiteindelik vir Greg in Bergville kom haal? (1)

1.9 “Donderdagmiddag” (Reël 10).

Hoe lank was Eckardt nou al weg? (1)

1.10 “Waar daar vrot vleis is, daar sal die lammervangers vergader” (Reël 11).

1.10.1 Verduidelik wat beteken hierdie aanhaling in hierdie konteks. (1)

1.10.2 Watter invloed sal dit op die skool hê? (1)

1.11 “Alles was net show” (Reël 19).

1.11.1 Waarom voel Greg so? (1)

1.11.2 Hoe het Greg die afgelope jaar verander? (1)

1.12 “Die beeld van iemand wat agter my staan,” (Reël 23).

1.12.1 Wie se beeld het Greg in die winkelvenster gesien? (1)

1.12.2 Wat het daarna tussen Greg en die ander persoon gebeur? (1)

1.13 Verskeie karakters speel op een of ander ander wyse ’n rol in Greg se lewe.

Kies die korrekte antwoord. Pas die korrekte *naam* in **KOLOM B** by die *beskrywing* in **KOLOM A**. Skryf slegs die vraagnommer (1.13.1–1.13.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | Inspekteur in die polisie | A | Kwanele Twala |
| 1.13.2 | Wiskunde-onderwyser | B | Nomvula Cele |
| 1.13.3 | Adjunkhoof van Lawson Kollege | C | Pete Andersen |
| 1.13.4 | Onderhoofseun van Lawson Kollege | D | Leon Botha |
| | | E | Bill Eden |

(4x1) (4)

1.14 In hierdie hoofstuk kom belangrike inligting oor Greg se verhouding met sy ouers navore.

1.14.1 Waarom voel Greg jammer vir sy ma? Gee TWEE redes. (2)

1.14.2 Dink jy dit is regverdig dat Greg se pa soveel eise aan hom gestel het? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [35]**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 2

***Pad na jou hart*** **–'n Rolprentdrama – Ivan Botha en Donnalee Roberts**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

34. BASSON SR.: Ek sal nie toelaat dat jou wanindruk van sukses alles wat ons familie opgebou het, vernietig nie.

*BASSON SR. vee met sy hand sweetdruppels af van sy voorkop en leun vermoeid terug in die stoel.*

35. BASSON JR.: En wie se wanindruk van sukses het óns familie vernietig?

36. BASSON SR.: *(paaiend)*: Gee my 'n kans om dinge reg te maak met jou. Ek besef ná Ma se dood was ek nie ...

*Hulle word onderbreek deur die ONTVANGSDAME wat aan die deur klop en binnestap.*

37. ONTVANGSDAME: Jammer om te onderbreek, maar Meneer se tienuur met die ad agency ... Hulle wag in die raadsaal.

*Sy stap uit en laat hulle in 'n ongemaklike stilte agter.*

38. BASSON JR.: Verskoon my Pa. Veilig reis.

*BASSON JR. stap by sy kantoor uit en klim in die hysbak. BASSON SR. bly alleen in die kantoor agter. Hy haal weer die antieke kompas uit sy sak, kyk vir oulaas daarna en sit dit langs die foto op BASSON JR. se lessenaar neer.*

***

83. ANDRÉ *(gee vir BASSON JR. 'n koevert):* Hierdie is vir jou. *(BASSON JR. neem huiwerig die koevert.)*

***

85. ANDRÉ: Jy het vyf dae om in die Kaap te kom, Basson, laat weet my of jy dit aanvaar.

*BASSON JR. kyk vies na hom. ANDRÉ draai om en verlaat die woonstel.*

*BASSON JR. klap woedend 'n verdroogde potplantjie van die koffietafel af.*

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 – 2.1.4) neer.

Ruimte verwys na die tyd, plek en atmosfeer. Pad na jou hart – 'n rolprentdrama speel af in die (2.1.1) ... tyd. Die (2.1.2) ... is die ruimte wat op die rolprentskerm gesien kan word en die (2.1.3) ... word nie gesien nie, maar

gesuggereer met byklanke. Die ruimte in die rolprentdrama word beskryf deur die (2.1.4) .... (4)

2.2 "... jou wanindruk van sukses alles wat ons familie opgebou het, vernietig nie." (Reël 1 en 2)

2.2.1 In watter ruimte vind hierdie gesprek plaas? (1)

2.2.2 Wat is, volgens sy pa, BASSON JR. se "wanindruk" van sukses? (1)

2.2.3 Waarna verwys BASSON SR. as hy praat van "alles wat die famiilie opgebou het"? (1)

2.2.4 Wie se optrede is, volgens jou, die regte optrede? BASSON SR. of BASSON JR.? Motiveer jou antwoord. (1)

2.3 "*BASSON SR. vee met sy hand sweetdruppels af van sy voorkop en leun vermoeid terug in die stoel.*" (Reël 4 en 5).

Wat insinueer BASSON SR. se optrede hier? (1)

2.4 "BASSON SR. *(paaiend)*: Gee my 'n kans om dinge reg te maak met jou." (Reël 7).

2.4.1 Waaroor verwyt BASSON JR. sy pa? (1)

2.4.2 Dink jy dat dit regverdig is van BASSON JR. om nie vir sy pa geleentheid te gee om met hom "reg te maak" nie? Motiveer jou antwoord. (1)

2.4.3 Hoe is BASSON JR. se ma dood? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die vraag te beantwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.4) neer.

Wat word 'n karakter soos die ONTVANGSDAME genoem (wat nie 'n noemenswaardige rol in die intrige van die drama speel nie)?

A hoofkarakter

B randkarakter

C plat karakter

D ronde karakter (1)

2.6 "BASSON JR. Verskoon my Pa. Veilige reis." (Reël 14),

Dink jy dit is reg van BASSON JR. om so kortaf met sy pa te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

2.7 "... *sit dit langs die foto op BASSON JR. se lessenaar neer."* (Reël 17).

Wie verskyn op die foto? (1)

2.8 "ANDRÉ *(gee vir BASSON JR. 'n koevert):* Hierdie is vir jou. *(BASSON JR. neem huiwerig die koevert.)"* (Reël 18 en 19).

2.8.1 Verduidelik wat is die doel van die eerste brief wat BASSON JR. ontvang. (1)

2.8.2 Hoeveel persent aandeel kan BASSON JR. by Vector Petroleum erf? (1)

2.8.3 Wat sal gebeur met die aandele as BASSON JR. nie sy pa se wense nakom nie? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BINNEKANT – BASSON SE LUUKSE DAKWOONSTEL – JOHANNESBURG: Dit is later in die vroegoggendure. BASSON staan onder ’n warm stort. Die water stroom soos trane oor sy gesig. Hy klim uit, vee die wasem van die spieël af en kyk homself in die gesig. Later, terwyl hy wakker in sy bed na die dak lê en kyk, skyn die maanlig deur die venster in sy kamer. Hy kyk op sy wekker: dit lees 03:42.

***

BUITEKANT – BASSON SE LUUKSE SPORTMOTOR – SANDTON: Dit is vroegoggend en steeds donker. BASSON se luukse sportmotor brul deur die stil strate. Hy sien hoe ’n verkeerslig van groen na oranje, dan na rooi verander. BASSON trap die petrolpedaal in en jaag oor die rooi vekeerslig. Hy lees weer die adres op die brief vat sy selfoon van die passassiersitplek af en begin bel.

86. BASSON: André, dit is nou halfvyf. Ek kry jou oor ’n paar dae in die Kaap.

***

90. LUCKY: Fifty rand ... but for you twenty.

91. BASSON *(ongeskik):* I don’t have money.

*LUCKY bekyk sy motor en lag.*

92. LUCKY: Liar.

*LUCKY stap weg, BASSON besef hy het hulp nodig.*

93. BASSON: Hey, wait!

*LUCKY draai terug.*

94. BASSON: I’m looking for Thomas Ndlovu. His address is ...

***

*BASSON glimlag vir LUCKY se houding. Hy gee vir hom ’n vyftigrandnoot in ruil vir die draadblom.*

102. BASSON: Happy?

103. LUCKY (*onskuldig*): No, my name is Lucky.

2.9 "Die water stroom soos trane oor sy gesig." (Reël 2 en 3).

2.9.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.9.1) en die antwoord neer.
Die beeldspraak in die toneelaanwysing is ’n (metafoor/vergelyking/personifikasie). (1)

2.9.2 Hoe sluit hierdie beeldspraak aan by BASSON SR. se dood? (1)

2.10 "Hy kyk op sy wekker: dit lees 03:42." (Reël 5 en 6).
Watter TWEE afleidings kan jy maak rondom die tyd op die wekker langs BASSON JR se bed? (2)

2.11 "BASSON JR trap die petrolpedaal in en jaag oor die rooi verkeerslig." (Reël 10).

2.11.1 Wat dink jy van BASSON JR. se handeling om te versnel en oor die rooi verkeerslig te jaag? (1)

2.11.2 Wanneer BASSON JR. oor die rooi verkeerslig jaag, sê dit vir ons iets van sy karakter.
Wat leer ons hieruit van sy karakter? (1)

2.12 "BASSON JR: André, dit is nou halfvyf." (Reël 12).
Dink jy André is nog/al wakker halfvyf in die oggend? Motiveer jou antwoord. (1)

2.13 "Ek kry jou oor ’n paar dae in die Kaap." (Reël 12).
Dit is duidelik dat BASSON JR. besluit het om sy pa se wense uit te voer en aan die ultimatum te voldoen.

2.13.1 Wat was die ultimatum wat BASSON SR. aan sy seun gestel het? (1)

2.13.2 Hoe het BASSON JR. gevoel oor die ultimatum wat sy pa gestel het? (1)

2.13.3 Hoe sou jy gevoel het as dit jou ouers was wat so ’n eis aan jou gestel het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.14 "*LUCKY bekyk sy motor en lag.*" (Reël 15),
Hoekom lag LUCKY vir BASSON JR.? (1)

2.15 "*Hy gee vir hom ’n vyftigrandnoot in ruil vir die draadblom.*" (Reël 21 en 22).
LUCKY het aanvanklik die draadblom vir BASSON aangebied vir R20.00.
Waarom moet BASSON JR nou R50.00 betaal? Gee TWEE redes. (2)

2.16 "BASSON JR: Happy?

LUCKY (*onskuldig)*: No, my name is Lucky." (Reël 23 en 24).

Wat is die rede vir die "misverstand" tussen BASSON JR. en LUCKY? (1)

2.17 THOMAS NDLOVU bly in die township naby Clarens.

2.17.1 Waarom vind BASSON SR. dit vreemd dat THOMAS juis hier bly? (1)

2.17.2 Wat het BASSON SR. (volgens die DVD) by THOMAS NDLOVU geleer? (1)

2.17.3 Watter ooreenkoms is daar tussen THOMAS NDLOVU en BASSON JR.? (1)

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 3: VERNEUKKIND EN ANDER VERHALE

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE KORTVERHALE.**

### 3.1 Gesondheid, Souf! – Riana Scheepers

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> “He he he ...” lag Mieta, “jy moet dit maar doen, Betjie, jy’s die jongste! Jy kan nog lekker hoog opklim teen die visdam uit. As ék dit moet doen, verrek ek my mosseltjie.”
>
> Pierre kom in die deur staan met sy sjef-baadjie wat vroegoggend nog spierwit en styfskoon is en maak die meisies se gelag stil. Hy kyk ons almal deur, of ons voorskote skoon is en die hare netjies onder die wit kappies weggesteek is.
>
> ***
>
> Antie Anna se tafeltjie, sê ek altyd vir die meisies, maar niemand wil hoor wat ek sê nie, hulle ril net van hulle nekke tot onder in hul skene en kyk anderpad as hulle daar verby moet loop. Maar hulle sien haar ook, hulle wéét dis ou Anna se plek daar onder die venster. As sy nie op die stoel sit nie, soos nou dat daar mense by haar tafel is, dan sit sy in die breë vensterbank en hou ons almal dop met haar skerp, swart oë. Tot vandag toe moet ons oplet wat ons in haar huis aanvang.
>
> Maar ek steur my nie aan die ou vrou en haar kwaai kyke nie; ek en antie Anna het vrede gemaak, lankal al.
>
> ***
>
> Een vir een verdwyn hulle weer in die krake van die ou huis totdat dit net ek en ou Anna is wat oorbly.
>
> “Gesondheid, ou Anna!” sê ek en lig my glasie vir die vrou oorkant my.

3.1.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.1.1) en die antwoord neer.
Hierdie verhaal speel af op ’n Bolandse wynplaas.
Hierdie gebeure speel af in die (lente/somer/herfs/winter). (1)

3.1.2 Daar is dinge/gebeure wat tipies is van die eerste goeie besigheidsdag op hierdie wynplaas. Noem TWEE van hierdie dinge. (2)

3.1.3 “... jy moet dit maar doen, Betjie,” (Reël 1).
Wat was dit wat Betjie moes doen? (1)

3.1.4 (a) Op hierdie plaas speel ouderdom 'n rol by die uitdeel van pligte. Motiveer dat hierdie stelling WAAR is deur DRIE opeenvolgende woorde uit die teks aan te haal. (1)

(b) Dink jy dit is reg dat sekere take volgens ouderdom uitgedeel word? Motiveer jou antwoord. (1)

3.1.5 "Antie Anna se tafeltjie, sê ek altyd vir die meisies ..." (Reël 7)

(a) Wat het Souf met hierdie woorde bedoel? (1)

(b) Waarom het die meisies Souf se voorstel doelbewus geïgnoreer? (1)

3.1.6 Souf en Anna het 'n goeie verhouding gehad.

(a) Hoe het Souf verseker dat daar vrede tussen haar en Anna is? (1)

(b) Noem EEN manier hoe Souf hierdie verhouding tot haar voordeel gebruik het. (1)

(c) Hoe was dit moontlik dat die spoke geweet het waar al die breekgoed gepak moes word? (1)

3.1.7 Waarom sal jy hierdie verhaal as onrealisties beskou? Noem TWEE voorbeelde uit die verhaal. (2)

3.1.8 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.1.8 (a – c)) neer.

Souf en die kelnerinne het hul besoekers al baie goed geken.

Volgens Mieta sou een van hulle 'n kind daardie dag uit die (a) ... moes red, want hul ouers sou dan te veel (b) ... het. Souf het geweet dat die meeste mense daardie dag pâte en (c) ... sou bestel. (3)

3.1.9 "Gesondheid, ou Anna!" sê ek en lig my glas vir die vrou oorkant my. (Reël 19).

Wat is ironies omtrent Souf se woorde aan die einde van die kortverhaal wanneer sy sê: "Gesondheid, ou Anna!"? (2)

**EN**

## 3.2 *Die geskenk* – Elsa Joubert

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Dis toe dat ek op die tafeltjie langs sy kant die rekening van die juwelierswinkel sien: ’n goue horlosie vir ’n baie groot klomp geld. Dit is al ’n maand tevore gekoop. ’n Maand gelede is nie so vreeslik lank nie.

Hulle sê vir my vandag by die skool dat die weduvrou ’n ander kêrel het en dat sy uitgemaak het met my pa.

***

Daar was nie ’n dosie of iets waarin die horlosie was nie, sommerso in sy sak gesteek gewees, sommerso los, asof hy dit daarin geprop het, haastig of ongeduldig of kwaad of sonder belangstelling.

Ek het dit die aand in my kamer geruik. Dit was asof ek iets daaraan ruik, iets soos ’n vrou se parfuum.

Ek het dit na my badkamer gevat en dit onder die kraan gehou om die reuk af te was. Dit het bly kleef aan die horlosietjie. Toe sit ek die horlosietjie op die teëltjies om die wasbak en ek gooi Dettol op die horlosie en ek vrywe dit met my waslap, maar dit het nog die ander vrou se reuk gehad.

Toe vat ek my naelvyl en draai die horlosietjie op sy glasgesiggie en krap met die vyl al om die klein goue riffie aan sy agterkant. Dit wil nie oop nie, maar ek dwing dit en ek sien die klein goue wieletjies en veertjies en hefboompies binnekant.

3.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1) neer.
Die dogtertjie en haar pa sien mekaar (gereeld/selde). (1)

3.2.2 Wat kan die leser aflei omtrent die meisie se ma? (1)

3.2.3 Wie versorg die meisie wanneer haar pa nie by die huis is nie? (1)

3.2.4 Die titel *Die geskenk* skep verwagtinge.
Maak dié geskenk die karakter bly? Motiveer jou antwoord. (1)

3.2.5 Gee EEN woord om die stemming van die verhaal te beskryf. (1)

3.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.2.6) en die letter (A – D) neer.

Die meisie en haar pa woon naby …

A ’n restaurant.

B die skool.

C ’n rivier.

D die see. (1)

3.2.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Dan skink pa vir my ’n koeldrankie en ek probeer dit sluk.
- Nadat hy sy koerant gelees het, steek hy sy hand in sy sak en haal ’n goue horlosie uit.
- Hy vat haar aan die elmboog wanneer hulle by die restaurant ingaan.
- Soms sê hy “Toe, kom sit hier”, wanneer hy sy drankie drink.

(4x1) (4)

3.2.8 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.2.8 (a – b)) neer.

Die mense sê die verteller sal haar pa nie ken wanneer hy saam met die weduvrou is nie, want hy (a) … en is gelukkig. Hy is glad nie soos wanneer sy hom gewoonlik (b) … nie. (2)

3.2.9 Hoe kon die meisie aan die geskenk sien dat dit nie vir haar gekoop is nie? Noem TWEE dinge. (2)

3.2.10 Hoe, dink jy, kon die verhouding tussen pa en kind verbeter het? (1)

3.2.11 Waarvan is die stukkende horlosie ’n simbool? (1)

3.2.12 Wat sou jy met die horlosie gedoen het as jy die verteller was? (1)

**TOTAAL AFDELING C: [35]**

# AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 4

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR ALTWEE DIE GEDIGTE.**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### 4.1 Luisterswaeltjies – T.T. Cloete

**Luisterswaeltjies – T.T. Cloete**

die swaeltjies op die telefoondraad
luister af hoe praat
die mense          hoe knieserig brom
hulle van die koue wat kom
uit die barre suide          van die lieflike oorde
wat lê in die warm welige somernoorde
dis hoe die swaeltjies so korrek
weet om agter ons drome aan te trek

4.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (4.1.1 (a – c)) neer.

Die swaeltjies is kleinerige voëltjies wat vinnig heen en weer vlieg. In die (a) ... trek hulle na die (b) ... Halfrond en in die herfs na die (c) ... Halfrond. (3)

4.1.2 Hoe weet die swaeltjies wanneer om te trek? (1)

4.1.3 “Luisterswaeltjies” (Titel).

Waarom is “Luisterswaeltjies” ’n goeie titel vir hierdie gedig? (1)

4.1.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.1.4) en die antwoord neer.

Die stemming in hierdie gedig is (hartseer/filosofies). (1)

4.1.5 Die klimaat in die noorde en die suide verskil. Haal TWEE frases uit die gedig aan: een wat die klimaat in die noorde beskryf en een wat die klimaat in die suide beskryf. (2)

4.1.6 “die mense          hoe knieserig brom
uit die barre suide          van die lieflike oorde” (Reël 3 en 5).

(a) Wat noem ’n mens die oop gedeeltes (wit spasie) in versreël 3 en 5? (1)

© SACAI KOPIEREG

(b) Wat is die funksie van die wit spasies? (1)

4.1.7 Alhoewel die gedig eienskappe van ’n vrye vers (geen hoofletters en leestekens nie) het, het die gedig ’n vaste rympatroon.

(a) Benoem die rympatroon in die gedig. (1)

(b) Wat is die funksie van die rympatroon? (1)

4.1.8 (a) Die mense hou van die winter.
Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

(b) Haal TWEE opeenvolgende woorde aan uit reël 3 wat vir die leser sê dat die mense negatief is. (1)

4.1.9 Watter verskille is daar (volgens die gedig) in die optrede van die mense en die swaeltjies? (2)

4.1.10 Het die gedig “Luisterswaeltjies” jou laat glimlag? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

4.2 **Rondom my – Dawie de Jager**

**Rondom my – Dawie de Jager**

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer
want die haastigheid in my
het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry,

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer

kom vat 'n rukkkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil …
net as jy wil.

4.2.1 "Ek wil my tyd vat hierdie keer" (Reël 1)

(a) Wat beteken dit as 'n mens "jou tyd vat"? (1)

(b) Waarna verwys "hierdie keer"? (1)

(c) Hoe verskil die herhaling in versreël 1 en 2? (1)

(d) Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.1 (d)) en die antwoord neer.
Die herhaling van versreëls 1 en 2 verskil. Die verskil dui aan dat die spreker hierdie keer (nie vasberade is nie/vasberade is) om die verhouding te laat slaag. (1)

4.2.2 Watter tipe spreker word in hierdie gedig aangetref? (1)

4.2.3 Die spreker was al tevore verlief en het al liefdesteleurstellings gehad. Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE AAN uit strofe 1 om te bewys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

4.2.4 Watter probleem het die spreker se haastigheid elke keer in die verhouding veroorsaak? (1)

4.2.5 "ondergekry
my ondergekry." (Reël 5 en 6)
Watter emosie ervaar die spreker by die herhaling van die woord "ondergekry"? (1)

4.2.6 Kies elke keer die *stylfiguur* uit **KOLOM B** wat by die *aanhaling* in **KOLOM A** pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.6 (a-c)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | "Ondergekry" (Reël 5) | A | Enjambement |
| (b) | "Ek wil my tyd vat hierdie keer" (Reël 7) | B | Alleenplasing |
| (c) | "Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë" (Reël 9) | C | Metafoor |
| | | D | Inversie |

(3x1) (3)

4.2.7 Die geliefde, net soos die spreker, is ook nog onseker oor ’n nuwe verhouding.

Haal slegs die FRASE in strofe 2 aan wat hierdie stelling bevestig. (1)

4.2.8 “Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.” (Reël 12)

Waarom wil die spreker hê die geliefde moet net haarself by hom wees? (1)

4.2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.2.9) en die letter (A-D) van die antwoord neer.

“As jy wil” word vier keer herhaal in strofe 3. Hierdie HERHALING is EFFEKTIEF, want…

A dit is vir hom onbelangrik dat sy belangstel in die verhouding.

B hy beklemtoon dat hy die geliefde ’n keuse gegee het.

C hy wil eintlik die verhouding op haar afdwing.

D hy is besig om die geliefde te indoktrineer. (1)

4.2.10 “Rondom my” is ’n LIRIEK. Tipiese kenmerke van ’n LIRIEK kom in *Rondom my* voor.

Noem TWEE kenmerke van die liriek wat in hierdie gedig voorkom. (2)

4.2.11 Watter les leer jy by die spreker van hierdie gedig? (1)

4.2.12 Stem jy saam dat mense soms té vinnig in ’n verhouding beweeg? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING D: [35]**

## GROOTTOTAAL: [70]